

**Woensdag 30 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:169-176 (AFR2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:175**

**Om God Drie-Enig éwig te loof**

Hier – aan die einde van die langste Psalm – het die digter die begeerte dat sy klaagroep (vs 169) en sy smeekgebed (vs 170) God sal bereik. Die digter se wens is dus dat hierdie gebed, as geheel, die Here se genadetroon sal bereik.

En dan, in die laaste ses verse van Psalm 119, is dit so al asof hierdie wens van die psalmdigter reeds vir hom 'n realiteit geword het. Hy leef met die vaste vertrouwe in sy hart dat sy Vader hierdie gebed van hom sál hoor – en op sy tyd sal verhoor. En daarom gaan hy spontaan oor om God te loof in verse 171 en 172. Hierdie digter dra die vrug van 'n opregte dankbaarheidslewe! Aangesien hy die Here se Woord konstant oordink en aangesien die Here Homself onophoudelik aan die digter openbaar, wil hy die Here sonder ophou loof (vgl. Ps. 119:164).

Trouens, hierdie gelowige wil nie nét die Here tydens hierdie, aardse, lewe loof nie, maar óók hierná: *“Laat my siel lewe sodat dit U kan loof”* (AFR53). Lof aan God! Dit is tog ons primêre roeping hier op aarde, maar óók in die hemele (Op. 21, 22).

Tog bly ons maar net mens wat, nét soos die psalmdigter, soms struikel en val. Daarom pleit hy in die heel laaste vers van Psalm 119 dat die Opperherder hom sal opsoek wanneer hy dalk tydens sy aardse reis verlore sou raak. Te danke aan God, die Vader, se liefde herinner God se Gees hom aan God se Woord: *“U gebooie vergeet ek immers nie.”* Aangesien die Almagtige Verbondsgod áktief aan die werk is, ervaar die psalmdigter gemoedsrus. Hierdie héle gebed van hom – die héle Psalm 119 – sál God bereik. Gebedsverhoring vind wél plaas! Daarom behoort álle lof aan God Drie-Enig. Tot in alle ewigheid.

*Sing: Psalm 119-1:3, 62*

*Ds. LD (Daniël) Myburgh (Otjiwarongo)*